

KlitsKlets

OKTOBER 2026 | NUUSBRIEF

EMILY HOBHOUSE 100

Honderd jaar gelede het Emily Hobhouse, 'n Britse vrou en humanis, haar stem verhef en opgestaan teen die lyding van weerlose vroue en kinders in konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog. Hierdie gebeure gaan einde Oktober tydens 'n uitgebreide eeufeesviering in Bloemfontein oorvertel en herleef word.

Emily Hobhouse se verhaal en staatsbegrafnis gaan deur middel van 'n musiekteaterproduksie en dokumentêr gerekonstrueer word. Die hoogtepunt is die heropvoering van haar begrafnisstoet, presies soos dit 100 jaar gelede was. Dit was destyds die eerste staatsbegrafnis vir 'n vrou in Suid-Afrika en die enigste staatsbegrafnis van dié aard vir 'n buitelandse.

Elsabé Brits, kurator en navorser van *The Story of Emily*, en Karen Meiring, voormalige kykNET-direkteur, is aan die stuur van hierdie projek. Die produksie is deur Deon Opperman geskryf, met musiek deur Janine Neethling en Nico Scheepers as regisseur. Nico sê dat dit nie bloot geskiedenis of 'n biografiese weergawe van Hobhouse se lewe is nie, maar dat dit oor Emily se siel gaan. Hy sê: "Daar is soveel emosie, tragedie en hoop in hierdie verhaal – dat 'n mens nie eintlik kan help om te sing nie."

Elsabé Brits voel dat hierdie projek veel meer as die nabootsing van 'n historiese gebeurtenis is. Sy sê: "Emily Hobhouse is vandag nog relevant, want sy het destyds dinge gesê wat vandag nog gepas is. Sy het gesê oorlog is sinneloos en dat die mense wat daarby ingesleep word, die kwesbaarste is – kinders, vroue en oumense."

Die omstandighede van die tyd gaan uitgebeeld word met 'n klein konsentrasiekampopset, verskeie uitstallings en demonstrasies van tradisionele kantmaak, spin en weef. Kos uit daardie tydperk sal gekoop kan word, en die stemming gaan opklink in 'n bereide kommando en treursaluut, asook koorsang deur die Eunice-koor, wat onder andere Hollandse Psalms sal sing.

Vervolg op bladsy 2.



Foto van Emily Hobhouse
geleen by Wikipedia.

Hoogtepunte in die uitgawe

DK-Boekklub

Indien jy gisteraand se Boekgesprek gemis het, is die opname by die kantoor beskikbaar.

6

Vinnige Vingers Vasvrae

Sy weet wat sy weet!

Woensdag, 14 Oktober 2026,
Stiptelik om 18:00.

9

DK-Virtuele takbyeenkoms

Op Donderdag, 15 Oktober fokus ons op hoe plaaslike regerings ná 'n verkiesing funksioneer en hoe 'n regering gevorm word.

10

Die begrafnis is in 1926 deur ongeveer 20 000 mense bygewoon. Dit word nou uitgebeeld met 200 meisies van Hoërskool Eunice en Hoër Meisieskool Oranje wat in tydperk-kostuums deel van die stoet sal wees. Meiring voel dat die hele herkonstruksie van daardie tyd en die meisies se deelname daarop gemik is om ons en die jonger geslagte weer in verbinding te bring met 'n brawe stem uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis en om weer klem te lê op die verskil wat een vrou kon maak deur op te staan vir die oortuiging van haar hart.

Sowat 4 000 besoekers word by die eeufeesvieringe in Bloemfontein verwag. Kaartjies vir hierdie geleentheid op 31 Oktober is op *Webtickets* beskikbaar.

Die begrafnisheropvoering sal regstreeks op 31 Oktober op kykNET (DStv-kanaal 144) uitgesaai word.

'n Kort dokumentêr oor Emily Hobhouse se lewe word ook op 25 Oktober om 20:30 uitgesaai.

GEBIEDSKONFERENSIES

VRYSTAAT-SUID EN -SENTRAAL GEBIED 5

Die Theunissen Dameskringtak het onlangs 'n baie suksesvolle Gebiedskonferensie by *Leopards & Lace* in Bloemfontein aangebied. 'n Heerlike sjampanje-ontbyt is aan 51 lede en gaste bedien voordat die verrigtinge amptelik begin het.

Dit was vir ons 'n besondere voorreg om ons president, Elize Barnardt, asook ons voormalige president, Elphi Taljaard, hartlik te kon verwelkom. Ons was ook bevoorreg om ons UB-lid, Suzanne Myburgh, in haar ondersteunende hoedanigheid by ons te hê.

Marda Oosthuysen het 'n heerlike werkwinkel aangebied waartydens almal die geleentheid gekry het om te ontspan, kreatief te wees en somer ook iets nuuts te leer. Elke deelnemer kon haar eie unieke kaartjie maak – 'n besondere herinnering aan 'n baie spesiale dag.

'n Hartlike gelukwensing aan Marda Oosthuysen, wat as Formidabele Vrou aangewys is. Ons is baie trots op haar!

Die wonderlike terugvoer wat ons ontvang het, maak ons harte warm en bevestig dat almal die dag terdeë geniet het.

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om van hierdie Gebiedskonferensie 'n besondere en onvergeetlike geleentheid te maak.

Theunissentak



Op die foto is Theunissen-taklede saam met Elize Barnardt, DK-president, in die middel.



Marda Oosthuysen (links) van Heuwelsigtak, ontvang die toekenning as Formidabele Vrou, vir die inspirerende werk wat sy binne DK, maar ook in haar gemeenskap, doen.

Suzanne Myburgh, UB-lid, (middel) en Christie Groenewald, voorsitter van Theunissentak (regs), oorhandig die toekenning aan haar.

VRYSTAAT-NOORD, -OOS, -WES EN NATAL GEBIED 6 EN 7

'n Dag van vriendskap en omarming

Op 12 September het Vrystaat-Noord, -Oos, -Wes en Natal 'n besondere Gebiedskonferensie aangebied waar elke hartsvriendin met warmte en vriendskap omarm is.

Ons gasspreker, Duif Brand, het ons vertel van die sewe verskillende vriendinne wat elkeen 'n belangrike plek in ons lewens kan inneem:

- Die ouer vriendin wat met haar lewenservaring kan inspireer;
- Die jonger vriendin wat nuwe perspektiewe bring;
- Die geestelike mentor wat ons geloofspad verryk;
- Die "saamsleepvriendin" wat ons uit ons gemaksonne lig;
- Die "kommin"-vriendin saam met wie ons sommer laf kan wees en lekker kan lag;
- Die vriendin met wie ons ons diepste geheime kan deel; en
- Die vriendin vir wie ons ook 'n skaduwee kan wees.

Die oggend het in 'n heerlike, ontspanne atmosfeer verloop. Ons president, Elize Barnardt, het meer vertel oor Die Dameskring, terwyl ons vorige president, Elphi Taljaard, ons op 'n reis deur die geskiedenis van ons pragtige geskiedenisboek, *Stuur MY! Verskilmaakvroue sedert 1967*, geneem het.

Die saal was stylvol versier, die kos geurig en smaaklik, en ons gaskunstenaars het behoorlik uitblink. Die uitstallers het 'n verskeidenheid pragtige artikels, boeke en ander produkte aangebied.

Maar bo alles was dit 'n dag van vriendskap. Nuwe vriendskappe is gevorm, bestaande vriendskappe is versterk en elkeen het met 'n voller hart huis toe gegaan. Wat 'n besondere voorreg om mekaar te omarm, te inspireer en saam te bou!

Annemie Bosman
UB-lid: Gebied 6 en 7



BEURSFONDS

Die Beursfonds – 'n Hand wat help

Agter elke beursaansoek is daar 'n jong mens met 'n droom – iemand wat graag wil studeer, groei en 'n beter toekoms bou.

Hierdie jaar het ons elf beursaansoeke ontvang. Teen einde Augustus het ons R37 000 se bydraes tot die Beursfonds ontvang.

Ons is opreg dankbaar vir elke bydrae, maar om soveel moontlik van hierdie jong mense te kan help, het ons nog ondersteuning nodig.

Onthou: elke bydrae, groot of klein, maak 'n verskil. Dit is nie net finansiële hulp nie – dit sê vir 'n student:

"Ons glo in jou."

"Jou toekoms is belangrik."

Kom ons vat hande en help om nog 'n paar drome 'n werklikheid te maak.

Baie dankie aan elkeen wat reeds bygedra het – julle maak 'n groter verskil as wat julle besef!

Met dankbare harte.

Karin Schoeman
Uitvoerende Bestuurslid: Wes-Kaap 2



WAARDEPROJEK

Gedurende September het die Waardeprojek-opleidingspan twee skole in Paternoster opgelei. St. Augustine Primêr het 'n klaskamer beskikbaar gestel en heerlike eetgoed voorsien.

Tydens die praktiese aanbiedings van die opvoeders het 'n dame van Wellington 'n les aangebied om die begrippe "lank" en "kort" aan kleuters te leer. Sy het Dawid en Goliath as voorbeeld gebruik. So leer ons ook by mekaar en bewys ons hoe suksesvol hierdie program met bykomende idees gebruik kan word.


St. Augustine Primêr gaan die program in die vierde kwartaal gebruik om die kleuters wat ekstra ondersteuning nodig het te help. Die dame van Wellington het reeds 'n kwartaal se werk uitgewerk en uitgebou. Ons is van die telefoonnommers van vyf kleuterskole voorsien wat ons gaan kontak om hulle ook op te lei.

Die Waardekomitee is besig met onderhandelinge met Afriforum-TV om 'n opleidingsvideo te maak. Ons is ook besig om met die televisieprogram *Kwêla* te onderhandel om die projek verder te bemark.

Weskustak is besig om al die telrympies, liedjies, ensovoorts te vertaal en aan te pas vir die Engelse weergawe van die program. Daar sal eersdaags met die vertaling begin word.

Hou die Waardeprojek in julle gebede en raak saam opgewonde oor hierdie projek wat so vinnig groei!

Elize Boshoff
Voorsitter: Waardeprojek



AFRIKAANS

BYNAME VAN DORPE EN STEDE IN SUID-AFRIKA

1. **Watter stad is die Diamantstad?**
 - a. Kimberley
 - b. Uppington
 - c. Bloemfontein
 - d. De Aar
2. **Die Hart van die Karoo verwys na watter dorp?**
 - a. Beaufort-Wes
 - b. Graaff-Reinet
 - c. Cradock
 - d. De Aar
3. **Die Spoorwegdorp is watter plek?**
 - a. Colesberg
 - b. Britstown
 - c. Hanover
 - d. De Aar
4. **Watter dorp is die Druifhoofstad van ons land?**
 - a. Kakamas
 - b. Groblershoop
 - c. Uppington
 - d. Augrabies
5. **Die Poort na die Laeveld is watter plek?**
 - a. Polokwane
 - b. Mbombela
 - c. Nylstroom
 - d. Tzaneen
6. **Die bynaam van Johannesburg, Egoli, het sy oorsprong in watter taal?**
 - a. Afrikaans
 - b. Engels
 - c. isiZulu
 - d. Sesotho
7. **Watter stelling is ONWAAR?**
 - a. Stellenbosch se bynaam verwys na sy bome.
 - b. Kimberley se bynaam verwys na edelstene.
 - c. Mbombela se bynaam dui op toegang tot 'n streek.
 - d. Cradock se bynaam verwys na sy seelewe.
8. **Watter twee plekke se byname is albei streekgebaseer?**
 - a. Kimberley en Johannesburg
 - b. Beaufort-Wes en Mbombela
 - c. Bloemfontein en Stellenbosch
 - d. Oudtshoorn en Hermanus
9. **Watter stad se bynaam het 'n bemarkingsleuse geword wat internasionaal gebruik word?**
 - a. Pretoria
 - b. Durban
 - c. Polokwane
 - d. Uppington
10. **Watter plek is die Vriendelike Stad?**
 - a. Gqeberha
 - b. Oos-Londen
 - c. Bloemfontein
 - d. Kaapstad
11. **Watter twee byname hou direk verband met landbouprodukte?**
 - a. Bloemfontein en Kaapstad
 - b. Uppington en Oudtshoorn
 - c. Johannesburg en Kimberley
 - d. Oos-Londen en De Aar
12. **Watter plek se bynaam is die Boekehoofstad van Suid-Afrika?**
 - a. Cradock
 - b. Witrivier
 - c. Richmond
 - d. Graaff-Reinet

Antwoorde op bladsy 12.



Foto geleen by "Educational Toys Online".

DK-BOEKKLUB

AANLYN LEESKRING

Indien jy die boekgesprek oor *Kanniedood* deur Irna van Zyl op Maandagaand, 5 Oktober, gemis het of dit graag weer wil kyk, is die skakel na die opname hieronder beskikbaar.

Marinda was so gaaf om haar aantekeninge met ons te deel. Dit kan by die kantoor aangevra word.

Opname-skakel:

https://zoom.us/rec/share/yDqOjll9LfgI3CfVMrXVh9riHR43M13Rn6-Or0qJfynibLQMJZWl08czpOrlDxX.Gu_6jfkV6_5E5kqC

Wagwoord: MI7X=nQ6

En terwyl die geheim stadigaan oopgevou word, bly daar 'n paar vroe by die leser spook.


Wat die witbors wou sê is 'n boek wat jou nie net besig hou met die raaisel nie, maar jou ook laat nadink oor **familie, verlies, liefde en die dinge wat ons soms probeer wegsteek**.

Wat die witbors wou sê word uitgegee deur LAPA Uitgewers, 'n afdeling van Penguin Random House South Africa. LAPA fokus hoofsaaklik op Afrikaanse boeke en publiseer 'n wye verskeidenheid fiksie en niefiksie vir verskillende ouderdomme en belangstellings. Die uitgewery se doel is om bekostigbare boeke aan lesers te bied en om Afrikaanse skrywers en stories te ondersteun. LAPA beskryf lekker stories as 'n belangrike voorvereiste vir sy fiksie – van spanningsverhale en liefdesverhale tot algemene fiksie.

Wat die witbors wou sê het op **1 Julie 2026** verskyn en is beskikbaar in sagteband en as e-boek.

Lees dit saam met ons!

Wat die witbors wou sê is die volgende boek wat ons **DK-Boekklub vroeg in 2027** gaan bespreek. Kry solank jou eksemplaar, maak 'n lekker koppie koffie en kom kuier saam wanneer ons oor Louise se verhaal, die raaisel en natuurlik die dinge wat die witbors wou sê, gesels!



Ons sien daarna uit om weer saam te lees, saam te dink en saam te gesels!

Los die TV en koop 'n boek!

Marinda

DK-BOEKKLUB 2027

WAT DIE WITBORS WOU SÊ Elmarie Dercksen

Het jy al 'n boek gelees wat jou laat wonder het oor die geheime wat binne families kan leef? *Wat die witbors wou sê* van Elmarie Dercksen is so 'n boek – 'n verhaal van verlies, liefde, familiegeheime en die soeke na antwoorde.

Ná haar egskeding en die dood van haar pa, trek Louise Rabe terug na haar ma in Bloubergstrand om haar lewe weer op die been te probeer kry. Dan word 'n kind se skelet tydens bouwerk op die familiegrond ontdek. Wie was hierdie kind? Hoe het hy daar beland? En watter geheime uit die verlede wag om onthul te word?

Soos Louise begin om die raaisel te ontrafel, word sy ook gedwing om na haar eie lewe, haar familie en die wonde van die verlede te kyk. Die verhaal neem ons op 'n reis deur hartseer en herinneringe, maar ook deur hoop, vergifnis en die moontlikheid van 'n nuwe begin.

Elmarie Dercksen skep 'n besondere atmosfeer waarin die natuur en diere ook deel van die verhaal se betekenis word.



16 DAE VAN AKTIVISME TEEN GEWELD: 25 NOVEMBER TOT 10 DESEMBER

Geslagsgebaseerde geweld bly 'n ernstige nasionale krisis in Suid-Afrika, met kommerwekkend hoë syfers van fisieke, seksuele en emosionele mishandeling van vroue en kinders.

Die jaarlikse veldtog van **16 Dae van Aktiwisme teen Geweld teen Vroue en Kinders** duur van 25 November tot 10 Desember 2026. Hierdie veldtog het ten doel om bewustheid oor die vernietigende impak van geslagsgebaseerde geweld op vroue en kinders te skep.

Die RGN het in 2024 'n nasionale studie oor die voorkoms van geslagsgeweld uitgereik. Volgens die studie het 36% van vroue in Suid-Afrika reeds fisieke en seksuele mishandeling in hulle leeftyd ervaar. Dit is verskriklik – met ander woorde, meer as 'n derde van vroue in ons land.

As jy weet van vroue wat gebuk gaan onder fisieke of emosionele mishandeling, moedig hulle aan om hulp te kry en ondersteun hulle waar jy kan.

Die Dameskring ondersteun hierdie veldtog deur 'n DK-borsspeld met 'n wit strikkie te dra.

Kontak Karien in die kantoor om borsspelde vir jou tak of vriendinne te bestel. Die koste is R50 per borsspeld.

Dra die borsspeld elke dag van 25 November tot 10 Desember.



SPESIALE GELUKWENSING

Ons wens graag vir tannie Jakkie Schutte baie geluk met haar 88ste verjaardag op Saterdag, 3 Oktober.

Tannie Jakkie se lidmaatskapnommer is 3! Sy was een van die ses oorspronklike stigterslede en 'n skoonsussie van tannie Marthella Pretorius.

Alhoewel die organisasie op 18 Oktober 1967 gestig is, het hierdie ses vroue met 'n gees van diepe ootmoed en met 'n besef van groot verantwoordelikheid 'n babatreetjie geneem.

Sake soos die eerste riglyne en grondwet, asook die bewoording van die verbintenis van nuwe lede, is met groot omsigtigheid bespreek en bepaal. Eers tydens 'n vergadering op 27 Maart 1968 is daar besluit op die naam "Die Dameskring". Dit was juis tannie Jakkie se voorstel.

Tannie Jakkie is al die jare lank lid. Toe sy 'n paar jaar gelede van Kleinmond na Summervale-aftreeoord in Gordonsbaai verhuis het, was sy steeds 'n virtuele lid.

Tannie Jakkie, ons beste wense vergesel tannie. Mag ons Hemelse Vader sy genade en vrede oor tannie uitstort. Ons eer tannie vir u jarelange toewyding aan ons geliefde organisasie, en ons sal bly staan op die skouers van julle wat ons voorafgegaan het.

Baie, baie geluk!



DK-TOER NA DIE STELLENBOSCH WOORDFEES 3 – 11 Oktober 2026

Die Toyota Stellenbosch Woordfees is reeds aan die gang – en daar is steeds tyd om deel te wees van hierdie besondere feeservaring!

Kom kuier saam met Dameskringvriendinne, geniet die lente in die Boland, en beleef van die vele produksies, musiek, gesprekke en kulturele hoogtepunte wat die Woordfees bied.

Daar is nog gratis verblyf in 'n privaat vakansiehuis in Rooiels, ongeveer 50 km van Stellenbosch, beskikbaar. Vervoer tussen Rooiels en Stellenbosch word gereël, sodat jy saam met ander Dameskringlede kan reis en die dag se feeservaring kan geniet.

Elke feesganger bespreek en betaal haar eie produksiekaartjies. Daar is meer as 444 produksies om van te kies – dus is daar beslis iets vir elke belangstelling!

Wil jy nog aansluit of meer inligting bekom?

Kontak Ansie von Molendorff:

WhatsApp: 082 927 5208

E-pos: wes-kaap1@dameskring.co.za

Besoek gerus die [Woordfeesprogram](#) en begin solank jou gunsteling uitsoek.

Kom kuier, kyk, luister en beleef die Woordfees saam met DK!



Local is Lekker

FEESMARK

10 OKTOBER 2026

Wellington se fees, vir Wellington

GRATIS TOEGANG!

hugenote kollege

Geduld Rensing-Dries

WIE IS DIE DAMESKRING?

AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIE

"Vroue wat omgee."

Die Dameskring is 'n Afrikaanse kultuurorganisasie wat vroue en gesinne in ons gemeenskap en landwyd bou, bemagtig en inspireer.

Die Wamakersvallei-tak is sedert 15 Augustus 1983 deel van Wellington. Volgende jaar vier Die Dameskring 60 jaar van diensbaarheid – 'n besondere mylpaal vir 'n organisasie wat steeds glo in die krag van vroue wat saamstaan.

Deur projekte, mentorskap en uitreikwerk word gemeenskappe ondersteun. By die Feesmark fokus hulle onder andere op kankerbewusmaking en ondersteuning, met spesiale lappe/produkte wat te koop aangebied word om hierdie belangrike saak te ondersteun.

Wanneer vroue saam hande vat, kan klein dae van omgee 'n groot verskil maak.

5 VINNIGE VRAE

- HOE LANK DOEN JULLE DIT AL?**
Sedert 15 Augustus 1983 in Wellington.
- WAT IS JULLE GEWILDESTE PRODUK?**
Die Waardeprojek.
- WAARSONDER KAN JULLE NIE LEEF NIE?**
Ondersteuning en omgee vir mekaar.
- WAARNA SIEN JULLE UIT BY DIE FEES?**
Om hande te vat met ander organisasies in ons gemeenskap, soos Hugenote Kollege.
- VERTEL ONS IETS VAN JULLESELF?**
Ons gryp buitengewone geleenthede aan om meer met ons lewde te doen as wat ons ooit kon.

HOEKOM MOET JY HULLE ONTMOET?

Kom ontmoet vroue wat omgee, uitreik en saam 'n verskil maak!

WAT WAG VIR JOU?

Nooi jou vriende en kom kuier saam!

Het jy al gesê **JY KOM?**

Klik **GOING** op ons Facebook Event!

KOM ONDERSTEUN PLAASLIK. KOM KUIER SAAM!

Die Dameskring

INSPIREER • BEMAGTIG • BOU

Werkswinkel vir die lewde

Hoe lyk jou "toolbox"?

GASSPREKER Wilene Wiggill

Bekende Arbeidsterapeut
Port Elizabeth

'N PRAKTISE EN GEESTELIKE WERKSWINKEL VIR VROUE, DEUR VROUE.

PRAKTISE WERKSWINKELS

- INSPIREER (Blomme)**
- BEMAGTIG (Koekies)**
- BOU (Blommekassie afrond)**

SATERDAG 17 OKTOBER 2026

09:30 – 12:00

NG Kerk PE Hoogland (Isobellaan, Charlo)

KAARTJIES R250 PER DAME

BANKBESONDERHEDE VIR KAARTJIES

Die Dameskring Oos-Kaap 3

Bank: Standard Bank

Rekeningnommer: 083507868

Takkode: 0510001

Verwysing: Naam & Van

Epos bewys van betaling na: oos-kaap1@dameskring.co.za

NAVRAE – KONTAK

LEANDRA BONTUYS 083 546 9754

Kom pak jou gereedskap vir die lewde saam met Die Dameskring!

VINNIGE VINGERS VASVRAWEDSTRYD 14 Oktober om 18:00

2026 Tema : **SY WEET WAT SY WEET!**

Geskiedenis • Geloof • Taal • Kos

Dames, dis weer tyd om die slimkoppe in julle tak bymekaar te roep – Die Dameskring se Nasionale Vasvrawedstryd is op pad! Hierdie jaar gaan dit oor HAAR – oor ons – oor vrouwees.

Ons afdelings vir 2026 is:

- **SY KEN HAAR STORIE**

Dameskring – ons mense, ons geskiedenis, ons DK-storie.

- **SY KEN DIE WOORD**

Hoe goed ken sy die vroue van die Bybel?

- **SY KEN HAAR TAAL**

Afrikaans, my trots! Idioom, uitdrukkings en lekker Afrikaanse sêgoed wat handel oor vroue/vrouwees.

- **SY KEN HAAR KOS**

Uit die kombuis, om die tafel en alles tussenin! Vrae uit ons eie KosKwiz-speletjie.

Maar nou is die groot vraag: Weet julle tak se dames wat hulle weet? Kry julle span bymekaar, kies 'n lekker oorspronklike SPANNAAM en maak gereed om julle kennis teen die res van Die Dameskring te toets.

**Woensdag, 14 Oktober 2026,
Stiptelik om 18:00.**

Ons wil sien wie agter al daardie kennis sit: neem op die aand van die vasvra 'n spanfoto en stuur dit vir ons in!

Dis kennis. Dis spanwerk. Dis lekker vrouepraat.

En natuurlik is daar die belangrike vraag: Watter tak gaan hierdie jaar kan sê: "Ons het geweet wat ons weet!"

Maak julle span bymekaar! Skryf sommer nou in deur die aanlyn inskrywingsvorm te voltooi:
<https://forms.gle/JePHmAYAHYcPE5w36>

SY WAT WIL DIEN

geskryf deur Arina Jooste, takvoorsitter van Modimolle Olien


Van kaalvoet plaasmeisie tot soldaat, soldaatvrou, M, Mama Ranger en veteraan – *Sy wat wil dien* vertel die buitengewone verhaal van 'n vrou wie se lewe deur diensbaarheid gevorm is.

Toe Arina Strydom in 1971 as een van die eerste vroue vir militêre opleiding in die Suid-Afrikaanse Leër gekeur word, kon sy kwalik voorsien hoe haar pad oor dekades sou ontvou. As pionier, offisier, sportvrou, soldaatvrou, gemeenskapsleier en natuurbewaarder kies sy telkens die moeiliker pad - nie ter wille van erkenning nie, maar uit 'n diep oortuiging dat ware leierskap in diensbaarheid lê.

Met eerlikheid, wysheid en warmte neem sy die leser saam deur die uitdagings van die grensoorlog, die eise van 'n militêre gesinslewe, die jare in die Krugerwildtuin tydens die renosterstroperykrisis en haar voortgesette betrokkenheid by veterane en gemeenskapsprojekte.

Sy wat wil dien is meer as 'n persoonlike lewensverhaal. Dit is 'n getuigenis van moed, opoffering, geloof, deursettingsvermoë en die blywende invloed van iemand wat haar lewe daaraan gewy het om ander te dien.

Want diensbaarheid is nie bloot iets wat sy gedoen het nie – dit is wie sy is.



Die boek is te koop by alle toonaangewende boekhandelaars en aanlyn by *Rockhopper Books*, *Amazon* en *Takealot*.

DK-VIRTUELE Takbyeenkoms

 **15 Oktober** |  **19:00**

Tema:

*Wat gebeur
ná die verkiesing?*

Hoe word 'n plaaslike regering gevorm, en hoe werk dit wanneer geen enkele party 'n volstrekte meerderheid behaal nie?

Moet dit nie misloop nie!



Verskonings aan
Elza Janse van Vuuren
by 076 9703 614



Die Dameskring
2025 - 2027

Verkiesing – 4 November

Dit is amper verkiesingstyd! Hoewel ons 'n **apolitiese organisasie** is, is dit steeds belangrik dat ons as ingeligte en verantwoordelike burgers toegerus en bemagtig is om ons stem uit te bring. Ons woon in 'n pragtige land, en **elke stem maak 'n verskil**.

Die toename in politieke deelname is verstommend:

Jaar	Partye	Kandidate
2006	97	45 179
2011	121	
2016	205	
2021	325	
2026	547	136 790

In 2026 is daar **10 526 beskikbare setels** landwyd.

Baie van die nuwe partye sal waarskynlik nie eens een setel verower nie, maar dié wat wel setels behaal, kan 'n rol speel in die vorming van

koalisieregerings en die daaropvolgende koalisieonderhandelinge.

Wat gebeur ná die verkiesing?

Ons **Oktober-vergadering** sal fokus op hoe plaaslike regerings ná 'n verkiesing funksioneer en hoe 'n regering gevorm word.

Ons het 'n kenner op hierdie gebied genooi om met ons oor die onderwerp te gesels. Die gesprek sal **nie oor die verkiesingsmanifeste of standpunte van individuele politieke partye handel nie**, maar eerder fokus op die proses ná die verkiesing: **Hoe word 'n plaaslike regering gevorm, en hoe werk dit wanneer geen enkele party 'n volstrekte meerderheid behaal nie?**

Dit is 'n geleentheid om ons kennis uit te brei en beter te verstaan hoe plaaslike regering in 'n demokrasie funksioneer. Moet dit nie misloop nie!

DK VIRTUELE TAKVERGADERING Donderdag, 15 Oktober om 19:00

Zoom-skakel:

<https://zoom.us/j/96875389157?pwd=OR4UcPh5IH7dKVHRQoPxTnBMZBe1w2.1>

Byeenkoms ID: 968 7538 9157

Wagwoord: 484026

DIE DAMESKRINGKALENDER

Die DK-kalender is opgedateer en op die webblad beskikbaar by

<https://dameskring.co.za/kalender/>

Laat weet die kantoor gerus indien jou tak 'n DK-geleentheid aanbied wat ons op die kalender kan plaas.



#DK-REGSTREEKS OP DONDERDAG, 5 NOVEMBER 2026

Familie in die bloed.

Op 5 November gesels ons met Matthys Klopper van Ladybrand, wat deur middel van DNS verlore familieleden help opspoor.

Wat begin het as die saamstel van sy eie stamboom, het ontwikkel tot 'n besondere stokperdjie waarin hy ander mense help om familielyne te verbind.

Ons gesels ook met Ilse Nel (62) 'n Pastorale Narratiewe Berader wat ook haar storie vertel nadat haar biologiese ma haar drie jaar gelede opgespoor het.

#DK-Regstreeks op Donderdag, 5 November 2026 om 19:00

Zoom-skakel:

<https://zoom.us/j/99132113502?pwd=IGp1RuKB2R3aOSsmuseZeB8lXXKYb9.1>

Byeenkoms ID: 991 3211 3502

Wagwoord: 348050

Dameskring Aasvoël koptak nooi jou vriendelik uit na 'n

HUISKONSERT

Ten bate van Tjokkers vir Jesus
& DK Beursfonds



met
Lize Beekman

Donderdagaand,
12 November 2026,
18:00 vir 18:30

R450 p.p. (sluit 'n ligte aandete en drinkgoed in)
te Frederickrylaan 225, Northcliff
(uber verkieslik - parking beperk)

RSVP teen 2 November
Martinette Kritzinger - 082 789 1232
Elphi Taljaard - 083 677 1118

Vind verlore familieleden deur middel van DNS-tegnologie

Ware mense. Ware stories. Wetenskap
wat families weer bymekaar bring.



'n Eenvoudige
DNS-toets



Kragtige
databasisse



Nuwe
verbindings



Weer
saamgebring
families

DNS ANALISE
MEER AS NET 'N TOETS

DK-aanlyn
5 Nov 2026



Soms is die grootste
ontdekkings nie waar jy is nie,
maar waar jy vandaan kom.

- 2027 -
BERAAD IN DIE LAEVELD



AFRIKAANS

BYNAME VAN DORPE EN STEDE IN SUID-AFRIKA

Antwoorde:

- | | |
|------|-------|
| 1. a | 7. d |
| 2. a | 8. b |
| 3. d | 9. b |
| 4. c | 10. a |
| 5. b | 11. b |
| 6. c | 12. c |

BOEKE BESKIKBAAR BY DIE DAMESKRING

Op soek na 'n besondere boek vir jouself of as geskenk? Albei hierdie boeke is nou by die Die Dameskringkantoor beskikbaar teen slegs R130 elk.



Ontsluit die genie in jou!
Dr Ester de Waal

'n Praktiese en inspirerende boek vir leerders wat hulle leervermoë en akademiese potensiaal wil ontdek en ontwikkel. Dr De Waal fokus onder meer op breinvoorkeure en leerstyle, geheue en konsentrasie, huiswerk en assessering, asook strategieë om struikelblokke tot effektiewe leer te oorkom. Die boek neem elke leerder op 'n ontdekkingsreis na groter selfkennis en akademiese sukses.

Pienk Spookasem
Nico Moolman

'n Heerlike keur van kortverhale uit *Die Pienk Traaisiekel* en *Die Pienk Baaisiekel*. Met unieke outydse foto's en stories oor "Vanmelewe se Liegendes en Ellendes" is hierdie 'n prettige, soms stouterige boek propvol lewensvreugde – ideaal vir 50-plussers en 'n besondere geskenk.

Bestel jou eksemplaar by die Die Dameskringkantoor – R130 per boek.



NUWE LEDE

Hartlik welkom aan elke nuwe DK-vriendin – ons is bly dat julle deel is van ons groeiende vriendekring en saam met ons die DK-reis stap!

7958	Susan Wucherpennig Weskus Saldanha
7959	Elize Engelbrecht Weskus Saldanha
7960	Marina Smuts Weskus Saldanha
7961	Annette Lamprecht Weskus Saldanha
7962	Annemarie Boshoff Jeffreysbaai
7963	Hettie van der Nest Benoni Protea
7964	Janine Pienaar Mosselbaai Posboom
7965	Maryna Fryer Mosselbaai Posboom
7966	Gerda van der Merwe Modimolle Olien
7967	Ronélda Oosthuizen Modimolle Olien
7968	Magriet Oberholster Mosselbaai Posboom
7969	Susan van Rooyen Durbanville Leeubekkie
7970	Anina van der Spuy Durbanville Leeubekkie

KANTOORURE

Maandag tot Donderdag, 07:30 tot 16:00.
Vrydae, 07:30 tot 14:00.

Kontakbesonderhede:

admin@dameskring.co.za

079 515 0873 of 012 301 1761

GESKIEDENISBOEKE – ONBEKENDE BETALINGS

Die kantoor het betalings sonder verwysings vir die Geskiedenisboek ontvang. Indien jy by die Beraad 'n boek bestel het en dit nog nie ontvang het nie, kontak die kantoor by admin@dameskring.co.za met die bewys van jou betaling.



LEDEGELD-GLYSKAAL VIR 2026

VIR NUWE REGISTRASIES

	LEDE 70 JAAR EN OUER	LEDE JONGER AS 70 JAAR
OKTOBER	R 174,00	R 234,00
NOVEMBER	R 116,00	R 156,00
DESEMBER	R 58,00	R 78,00
JANUARIE 2027	R 58,00	R 78,00
FEBRUARIE 2027	R 58,00	R 78,00

Bankbesonderhede:

Rekeningnaam: Die Dameskring
Bank: ABSA Bank
Tjekrekeningno.: 28 407 500 62
Takkode: 632 005
Verwysing: Naam en Van /
Lidnommer en Taknaam.